

'N SEMIOTIEK VAN ASIEL/SITBETOING: 'N INTERPRETASIE VAN DIE KINE 3-GEBEURE

N.J.C. van den Berg

This research has as its theme the sit-in by three persons staged in the USA consulate in Johannesburg in 1988. The event is studied from a semiotic perspective. The semiotic 'model' followed is eclectic as it is constituted by views drawn from inter alia Heidegger, Gadamer, Ricoeur, Benson, and particularly Eco. Two main readers were involved in the event, i.e. the governments of South Africa and the United States of America. The interpretation of the event by both governments created a specific 'perception'/meaning in the minds of South Africa's (and the world's) population. This research strives to establish which country's interpretation was accepted by the population in South Africa.

DOELSTELLINGS VAN HIERDIE ONDERSOEK

Die Kine 3-gebeure vorm die grondslag van hierdie ondersoek. Hierdie gebeure is die 'asiel-drama' wat sigself gedurende September en Oktober, 1988 in die VSA-konsulaat (geleë in die Kine-gebou) in Johannesburg afgespeel het toe drie aangehoudenes (kragtens die Noodmaatreëls) uit die Johannesburgse Hospitaal ontsnap het en die VSA-konsulaat beset het. In daardie stadium was mnr P W Botha die Staatspresident en was mnr Nelson Mandela nog nie vrygelaat nie. Suid-Afrika was onderworpe aan Nood-



Prof. Van den Berg is professor in Regsgeleerdheid, Vista Universiteit se Port Elizabeth kampus en advokaat van die Hooggeregshof van Suid-Afrika.

toestandregulasies.

Wat met hierdie navorsing beoog word, is die volgende: daar was twee hooflesers of interpreteerders by die Kine 3-gebeure betrokke, dit is Suid-Afrika (SA) en die Verenigde State van Amerika (VSA). Aan die hand van 'n semiotiese benadering probeer vasgestel word watter een van hierdie twee lande as lesers se interpretasie van hierdie politieke en regsgebeure die

sterkste tot die Suid Afrikaanse bevolking deurgekom het en wat sodoende die interpretasie was wat die aanvaarde politieke en regsbetekenis geskep het. Vanuit hierdie teoretiese siening word gepoog om te bepaal hoe (politieke en regsbetekenis in die geval van asiel, by lesers geskep word, en daarom is dit semioties. Die begrip 'politieke en regsbetekenis' ('sosiale betekenis') is in hierdie konteks feitlik sinoniem met die begrip 'indruk' of die begrip 'persepsie', om die woord te gebruik wat deesdae so baie gehoor word.

Benewens die aangehaalde werke, is alle berigte (oor die gebeure) soos dit in die volgende koerante/tydskrifte verskyn het in hierdie navorsing gebruik: *Die Burger, Oosterlig, Volksblad, Natal Daily News, The New Nation, Natal Mercury, E P Herald, Sunday Times, Sunday Tribune, P E Evening Post, E L Daily Dispatch, Natal Witness, D F Advertiser, Business Day, Die Transvaler, Cape Times, Star, City Press, The Weekly Mail, Cape Argus, The Leader, Natal Post, Pretoria News, Sunday Star, Rapport, The Indicator.*

DIE SEMIOTIESE WEB

Die benadering hier gevolg, word hoofsaaklik deur die semiotiese sieninge van Eco gerugsteun (Eco 1979a:7,16,65;), maar betrek ook die sieninge van Heidegger, Gadamer en Ricoeur (sien in die algemeen Heidegger 1967; Gadamer 1965; Ricoeur 1971, 1974, 1976, 1978; Van den Bergh 1982). 'n Persoon in wie se siening die sieninge van basies dieselfde skrywers neerslag vind, is Benson (Benson 1987, 1988) en dit is na aanleiding van Benson se benadering dat hier gepoog word om 'n semiotiese ontleding te doen. Alhoewel Benson (1988) spesifiek met 'n geskrewe teks werk, kan mens aanvaar dat merendeels dieselfde beginsel by

'n semiotiek van 'n ongeskrewe teks (byvoorbeeld 'n feitestel of gebeure) geld. In beide gevalle is daar 'n 'leser' wat op soek na betekenis is en wat in hierdie soektog aan vele beperkinge onderworpe is, maar as mens ook 'n kompetensie (en al die bates wat dit insluit) tot betekenis-skepping besit. Die leser is histories gesitueerd (vgl. Gadamer se 'wirkungsgeschichtliches Bewusstsein': Gadamer 1965:824 et seq) en kan slegs die teenwoordige 'lees' deur wyses van lees wat hy van die verlede 'oorgeërf' het. Voorts is die leser kultureel gesitueerd, en verder onderworpe aan die beperkinge en kompetensie van sy eie sielkundige situasie. Dit wil sê, die leser se voorkennis omtrent politieke en regs-aangeleenthede kom ter sprake (vgl. Heidegger 1967:150, Van den Bergh 1982:166-235). Of die leser 'n individu is of, soos in hierdie geval 'n regering (d.m.v. regeringsamptenare) of selfs 'n bevolkingsgroep, verander nie veel aan die saak nie.

'n Pragmatiese benadering tot uitleg/interpretasie aanvaar dat taal en betekenis kulturele produkte is wat in tyd en ruimte deur spesifieke sosiale instansies geproduseer word (Eco 1979a:61-62). Volgens Benson kan dit ook a la Wittgenstein 'n 'form of life' of 'n 'language game' genoem word, maar Benson se metafoor 'semiotiese web' word hier gebruik (Benson 1988:3:1987).

Die semiotiese web is geensins nog 'n strukturele model nie, in elk geval nie 'n meganiese model nie. Soos Benson kan mens aanvaar dat weens die soms hoogs gerasionaliseerde gestruktureerdheid en soms totale chaos van die menslike lewe, modelle inderdaad 'n rol speel en moeilik is om van ontslae te raak. Die prosesse van betekenis-skepping en -begryping kan nie klinkklaar en vir ewig vasgevang word nie. Die

'model' wat hier gebruik word, is dus nie 'n voorstelling van die lewenswêreld nie — dit is in elk geval onmoontlik — maar dit is 'only a guide through it or a hint of what it is like, in the way a restaurant menu only hints at the meal to come, or a travel guide only hints at the road conditions and culture in the country across the border' (Benson 1988:203).

Die semiotiese web kan soos volg beskryf word (Benson 1988:3): dit is 'n metafoor wat die individu in 'n omgewing waarin hy deur 'n kulturele web van tekens omring word, plaas (Eco 1979:11). 'n Leser wat 'n teken probeer verstaan of verklaar, doen dit in terme van 'n ander teken in die web, en daardie teken weer in terme van 'n ander teken, 'n proses wat slegs eindig as die leser belangstelling verloor nadat die laaste teken in sy verstand geregistreer is, of indien hy op 'n sekere wyse handel (vgl. Peirce se konsep 'unlimited semiosis', 'n konsep deur Eco oorgeneem, Eco (1979a:68-69, 122, 316). Die ervaring of belewenis van die ry tekens, wat in 'n mentale gebeure of in 'n handeling eindig, is die betekenis wat die oorspronklike teken vir die leser op daardie betrokke oomblik het (Eco 1979b:194).

Die leser is altyd in 'n web tekens vasgevang wat dan ook die hele ensiklopedie van tekens (dit is die geheel betekenseenhede) in 'n gegewe kultuur is (Eco 1979b:23). Die leser bevind hom by 'n nodus of knooppunt in die web vanwaar elke knooppunt bereik kan word (Eco 1979a:22 et seq., 1979b:88-89). In sy reis op soeke na betekenis skep die leser betekenis van 'n teken deur by verskeie knooppunte op die web aan te doen en 'n reeks tekens aanmekeer te heg totdat hy belangstelling verloor. Maar vanaf geen knooppunt in die web het die leser 'n globale oorsig van alle moontlike

skakelings in die web nie, juis vanweë die beperkte kompetensie wat hy besit en weens beperkte en beperkende psigologiese, ideologiese, sosiale en ander omstandighede wat sy reis deur die web beïnvloed (Eco 1979a:158).

Die belewenis is die betekenis vir die leser, en die belewenis wat die leser het in die proses om betekenis in die web te skep, is die volgende: hy reis feitlik gelyktydig deur dele van die web wat uit tekens van tekste bestaan, deur dele wat uit tekens van bronne van tekste bestaan wat 'n verdere geleentheid vir betekenis skep, en deur dele wat uit tekste gegee deur ander lesers en hulle mening oor die teks, bestaan. By elke tree is daar 'n verskeidenheid moontlike seleksies van tekens (Eco 1979a:139). Deur na hierdie tekens deur sy eie bril van waardes en deur die lense van sy eie psigologiese, historiese, kulturele en sosiologiese omstandighede te kyk, selekteer die leser 'n bepaalde hoeveelheid tekens en skep so betekenis (Eco 1979b:39). Tekste (geskrewe of ongeskrewe) besit nie betekenis nie, maar lesers gebruik tekste (en ander tekens) om betekenis te skep/maak (Eco 1979b:5).

As 'n leser sy betekenis met ander wil deel, moet hy poog om die ander sy betekenis vanaf sy eie knooppunte in die web te laat beleef. Die skep van sosiale betekenis van tekste is dus 'n saak van onderlinge oorrading — dus kom die studie van die retoriek na vore, 'n retoriek van kulturele oorrading (Eco 1979a:276-298).

Om 'n teks te laat kan kommunikeer, moet die outeur aanneem dat die kodes waarop hy steun dieselfde is as die kodes wat deur die moontlike leser gedeel word, met ander woorde, die outeur moet dus 'n model-leser voorsien wat op dieselfde manier inter-

pretatiewelik met sy (dit is die outeur se) uitdrukkings sal omgaan as wat hy, die outeur, generatiewelik met hulle omgegaan het (Eco 1979b: 7 et seq). Sommige tekste kan die model-lesers wat hulle vooronderstel, eksplisiet noem, byvoorbeeld in die geval van direkte versoeke. Die teks kan selfs die model-lesers aandui deur bloot 'n spesifieke ensiklopediese kompetensie te veronderstel (die begrip ensiklopediese kompetensie synde hier die vermoë om sinvol met die geheel betekeniseenhede om te gaan). Indien die optrede en stellings van die Kine 3 bekyk word, is dit duidelik dat hulle 'n sekere kategorie model-leser veronderstel het, 'n kategorie leser wat ensiklopediese kennis omtrent asiel en alles wat daarmee saamhang, het, byvoorbeeld regerings- en diplomatieke verteenwoordigers.

Eco onderskei tussen 'geslote' en 'oop' tekste. Die geslote teks beoog om 'n spesifieke respons by die lesers te ontlok. Hierdie tipe teks is egter ook oop vir 'n verskeidenheid afwykende response. Die teks poog egter om die leser op 'n vooruitbeplande en vasgestelde pad te lei en om op die regte oomblik spesifieke reaksie by die leser te ontlok, soos ondermeer vrees, simpatie, opgewondenheid. Hierdie tipe teks is gewoonlik volgens 'n streng program of plot gestruktureer. (Dink maar aan die Superman-strokies, James Bond se heroïese manewales, of erger nog, Dallas se hitsige spykerkasnades!) Hierdie tipe teks besit ook die potensiaal om tot almal te spreek. Dit veronderstel 'n gemiddelde leser, 'n vooronderstelling wat uit 'n intuitiewe sosiologiese spekulاسie spruit, aldus Eco. Hierdie tekste, sê Eco, 'can give rise to the most unforeseeable interpretations, at least at the ideological level' (Eco 1979b:8). (Volgens hierdie onderskeid van Eco is tekste soos die Bybel en die I Ching geslote tekste.

Verskillende 'boodskappe' of betekenis kan uit presies dieselfde Bybelteks of I Ching-passasie verkry word, afhangende van die behoeftes van die leser op en in 'n besondere tydstip, plek en konteks.)

Die oop tekste anderyds, 'work at their peak revolutions per minute only when each interpretation is re-echoed by the others, and vice versa' (Eco 1979b:9). Hierdie teks kan nie gebruik word soos jy dit wil gebruik nie, maar slegs soos die teks wil hê jy dit moet gebruik. Dit voorsien nie enige soort interpretasie nie. Die leser is deel van die teks se strukturele strategie, en die pragmatiese proses van interpretasie is nie net 'n empiriese toevalligheid onafhanklik van die teks as teks nie, maar is 'n strukturele element in die proses van die teks se ontstaan.

Dit blyk dat, volgens Eco se klassifikasie, die Kine 3 se doelbewuste optrede en berekende stellings, d.w.s. die kwessie van asiel en alles wat daarmee gepaard gaan, 'n oop teks is. Die hooflesers, SA en die VSA, is deel van die teks se strukturele strategie en van die teks se ontstaan (Eco 1979b:3). Elke interpretasie van die lesers is 'n strukturele element in die teks, en dra by tot die verdere skep van die teks. So byvoorbeeld het die verrassende vrylatingsaksie van die kant van SA, die geaardheid van die teks van asiel verander na 'n teks van 'n sitbetoging. Hierdie is weer eens 'n bewys van die mag van die leser om sosiale betekenis te kan skep, en as't ware deel te word van die betekenis wat hy skep (Eco 1979a:141, 241).

Die model lesers wat deur die Kine 3 geantisipeer en veronderstel is, is ten eerste die twee hooflesers, SA en die VSA, maar in hulle stelling noem hulle spesifiek 'n ander belangrike leser, en dit is die wêreldgemeenskap wat van

hulle pleidooi kennis moet neem. Hulle weet presies wat die interpretasie van ten minste twee lesers gaan wees, dit is die VSA en die wêreldgemeenskap: laasgenoemde genereer weer eens wêreldwye simpatie met anti-apartheid aangehoudenes in SA en 'n afkeur aan SA se politieke sisteem, en eersgenoemde neem daadwerklik Kongresbesluite om verdere sanksies teen SA in te stel om só hulle afkeur teenoor SA se binnelandse beleid te toon.

DIE GEBEURE (Primêre teks)

Vervolgens word die teks wat deur die Kine 3 se optrede en stellings daargestel word, belyk. Dit is duidelik dat hierdie gebeure primêr 'n politieke en regsgebeure is, alhoewel daar ook 'n sterk sosiaal-maatskaplike ondertoon aanwesig is. Die proses wat hier gevolg word, is soos die gebruik van 'n flitslig wat verskillende dele van die web belig. 'n Ander navorser (leser) sal heel moontlik ander dele van die web belig soos hy deur die web op soek na betekenis reis.

'n Geraamte van die primêre teks sien soos volg daaruit:

Drie aangehoudenes (Morobe, Moosa en Khanyile) ontsnap uit bewaring — hulle vra om asiel by die Amerikaanse konsulaat — VSA stel SA van die voorval, van internasionaalregtelike beginsels en van sy (VSA) wêreldbeleid in kennis — Een dag later sê SA dat die aangehoudenes vry is om die konsulaat te verlaat en dat SA geen verdere belang by die saak het nie — weens die vrylating en versekering van SA dat hulle nie weer gearresteer gaan word nie, verander die aansoek om asiel in 'n sitbetoging — die 3 verlaat die konsulaat na 'n verdere vyf dae se sitbetoging en bly steeds in SA. Die Kine 3 maak deurentyd verklarings oor die redes vir

hulle optrede.

In hierdie geval is die teks nie 'n geskrewe teks nie, maar 'n gebeure (ongeskrewe teks) wat swaar met (politieke en regs-) betekenis belaa is. Die Kine 3 self stel dat hulle sitbetoging 'n pleidooi aan die wêreld is om nie die politieke aangehoudenes in SA te vergeet nie — dus, duidelik 'n teken/teks wat betekenis dra. Die primêre teks self is opgebou uit 'n swetterjoel bekende en onbekende tekste, byvoorbeeld diplomatieke onderhandelinge tussen die VSA en SA, optredes en stellings van byvoorbeeld Min. Pik Botha, Brig. Leon Mellet, Ambassadeur Perkins, Dr. Piet Koorhof, Winnie Mandela en anti-apartheid aktiviste, Amerikaanse anti-apartheid aktiviste soos Eerw. Jesse Jackson, Edward Kennedy en Michael Dukakis, onderhandelinge tussen die Kine 3 en konsulaatpersoneel, die SAP se optrede, Min. Adriaan Vlok se optrede/stellings, die omstandighede rondom die Kine 3 se ontsnapping, en so meer.

Hieronder volg nou dele van die web van tekste, bronne van tekste en ander lesers wat deur die SA Regering en die Amerikaanse konsulaat (regering) gebruik word om die betekenis wat elk van hulle skep as die aanvaarde sosiale betekenis aanvaar te kry.

Die historiese, kulturele en sosiologiese omstandighede van die twee interpreteerders/lesers is welbekend genoeg en hoef nie hier uiteengesit te word nie. Die waarde-lense waardeur elk egter die gebeure beoordeel/betrag het, is moeiliker om vas te stel. Mens kan egter aanvaar dat die (toekomstige) verkiesings in beide lande 'n groot invloed op hulle interpretasies het (in die VSA die presidentverkiesing en in SA die plaaslike regeringsvlak-verkiesings op 26 Oktober). Die VSA lees egter deur waardelense waarin

demokratiese (dus, volgens hulle, anti-apartheid-)standpunte en toenemende druk op SA om staatkundig vinniger te hervorm, asook sy status en mag as dié groot eerste-wêreldmoondheid (teenoor SA se status as relatief klein regionale moondheid) 'n rol speel. SA weer kyk deur waarde-lense waarin ondermeer die noodtoestand, die toenemende aanvalle op staatsgesag, sy oorlogvoering op die grense en in Angóla, die binnelandse rasse- en politieke onrus, die druk van linkse en regse groepe, wit-swart verhoudings, die kwessie van Suidwes-Afrika/Namibië, die belangrikheid van die handhawing van wet en orde en Christelike waardes 'n groot rol speel. Dit is hierdie omstandighede en waardes wat die lande se interpretasies die beste kan verklaar en wat die verskillende aspekte van die interpretatiewe proses grootliks beïnvloed (Eco 1979b:21 et seq).

TEKSTE

Daar is ooglopend 'n enorme hoeveelheid tekste wat 'n rol in die interpretasies speel — in elk geval te veel om hier te betrek, maar sekere basiese kenmerke wat met die keuse en gebruik van die tekste gepaardgaan, kan genoem word (Benson 1988:106 et seq). Alhoewel die gebeure die primêre teks is, kan mens nie werklik die ander tekste in een of ander hiërargiese volgorde van belangrikheid rangskik nie. Die eerlikheid of betroubaarheid van baie van die tekste (en dit sluit ook die groot hoeveelheid ongeïdentifiseerde of ongenoemde tekste in) kan bevaagteken word. Die akkuraatheid van die tekste kan nie geheel en al bepaal word nie. Die relevansie en gewig van die tekste word nie uitgestip nie. Soms word belangrike tekste geïgnoreer en minder belangrike tekste tot 'n ongeregverdigde grootte opgeblaas (Benson 1988:24-25). Die hoeveelheid tekste en die kombinasies waarin hulle saam-

gegroepeer kan word, is feitlik onbeperk. Stilswyte kan ook as 'n teks aanvaar word — dis byna 'n zen manier van lees (dit is om betekenis uit die niks uit op te bou!). Om 'n teks bloot te ignoreer, is 'n beproefde metode in die proses van kulturele oorreding. Dit is dan ook inderdaad wat SA uiteindelik met die primêre teks doen. In hierdie geval word die teks gelees en dan uiteindelik 'n gewig van nul toegeken. 'n Teks is nie 'n kristalbal waaruit betekenis opgetower word nie, maar as dit so was, sou die lesers, en bronne (van tekste) as tekste 'n deel van die molekulêre samestelling van die kristalbal gewees het (Eco 1979b:37).

Die gebruik van tekste om 'n mens se sieninge te ondersteun om sodoende ander mense van die geldigheid en aanvaarbaarheid van jou argumente te oortuig, is 'n heel gewone retoriese middel. Regsgeleerdes gebruik dit deurentyd: hulle verwys na 'ou skrywers', na hofbeslissings van howe hiërargies hoër as die een waarin 'n dispuut besleg word, en soms selfs na beslissings van howe in ander lande. Inderwaarheid gebruik ons almal dié middel gereeld. So kan twee mense verskil oor die betekenis van 'n spesifieke Engelse woord. Die persoon wat 'n Oxford gebruik, gebruik tien teen een 'n teks met groter oorredingsmag of -waarde as die persoon wat 'n Collins of Chambers gebruik. Dit is egter moeilik om die oorredingsmag of -waarde van tekste vas te stel, soos byvoorbeeld 'n Oxford teenoor 'n Collins.

So het die VSA en SA ondermeer die volgende tekste gebruik of geïgnoreer: die VSA verwys na die primêre teks (dit is die drie aangehoudenes en al die gebeure rondom die geval) terwyl SA dit ignoreer; die VSA verwys na internasionaalregtelike bepalinge oor asiel terwyl daar stilte hieroor is van SA se kant; die VSA verwys na sy

wêreldbeleid ten opsigte van asiel en sitbetogings, terwyl SA die geldigheid van hierdie teks betwyfel; die VSA betrek die anti-apartheid gevoel by sekere groepe en individue in SA (byvoorbeeld aktiviste, politieke en nie-politieke organisasies soos die ANC, die UDF en die SARK, Tutu, Boesak, die Mandelas) terwyl SA geensins na hierdie tekste verwys nie; die VSA betrek die anti-apartheid gevoel in die wêreldgemeenskap terwyl daar stilswye van SA se kant af is hieroor; die VSA betrek die problematiek rondom die toekomstige verkiesing in Amerika, maar SA nie; die VSA betrek as teks die problematiek rondom die toekomstige verkiesing in SA, maar SA nie; die VSA verwys na die geskiedkundige verhouding wat tussen die land en die drie en ander anti-apartheid aktiviste bestaan, terwyl SA nie hierna verwys nie; die VSA verwys na die breë Swart bevolking in SA se siening oor die noodtoestand en verwys na betogings, terwyl SA hierdie tekste nie betrek nie.

SA egter verwys na die bydraes van die media, terwyl die VSA nie hierdie teks betrek nie. Voorts verwys SA na die noodtoestand terwyl die VSA hierdie teks slegs betrek in die verband soos hierbo genoem. Aanvanklik ignoreer SA die primêre teks.

BRONNE

Met elke teks wat gekies is, het die betrokke land se amptenare die een of ander bedoeling daaragter aanvaar en het hulle die een of ander gewig aan dié agterliggende doel of bedoeling geheg. Selfs in gevalle waar dieselfde teks gekies is, het hulle verskillende gewig of waarde daaraan geheg. Die soeke na die werklike bedoeling agterliggend aan 'n teks, bly 'n hermeneutiese kwessie (Van den Bergh 1982:113-305, en vlg.736 et seq. vir Foucault se siening). Hier kom egter

verskeie oorwegings ter sprake: Niemand het direkte toegang tot dit wat in die verstand van 'n ander persoon aangaan nie, veral in gevalle van stilswye (Van den Bergh 1982:117-165). Die vaders van die fenomenologies-ontologiese hermeneutiese skool, Heidegger en Gadamer, het juis aange- toon dat dié soeke na die 'bedoeling' soos deur die aanhangers van die tradisionele of romantiese hermeneu- tiese skool, ondermeer Schleiermacher, Dilthey, Betti en Hirsch gepropageer, die een groot illusie is). Daar kan dalk by verskeie persone wat by dieselfde gebeure betrokke is, verskillende bedoelings wees — hulle kan verskillende redes of oogmerke hê om by die gebeure betrokke te wees. Veral in gevalle waar 'n groep mense betrokke is, is die vasstelling van 'n algemene bedoeling/oogmerk/doel/rede baie moeilik (soos in die geval van wetgewing: waar of by wie is die 'bedoeling' gesetel? Van Tonder (1974:x-xi) praat van 'n 'georganiseerde juridiese eenheid'. (vgl. Van den Bergh 1982:706-707, 711). Selfs in gevalle waar 'n groep, soos die Kine 3 soms skriftelike verklarings maak, bly die kwessie van die (outeurs-)bedoeling en die vasstelling daarvan 'n hermeneu- tiese netel. Daar bestaan geen reëls waarvolgens die belang of impak van die verskillende bronne gemeet kan word nie.

Die bron van 'n teks, soos 'n wet, word dikwels in regsargumente gebruik. Die frase 'bedoeling van die wetgewer' word feitlik in elke regsargument aangetref. Die persoon wat kan bewys dat hy die 'wetgewersbedoeling' korrek weergee (of die naaste daaraan is), staan 'n goeie kans om die voorsittende beampete te oorreed (dit gaan eerder om waarskynlikheid; watter interpre- tasie is die waarskynlikste — nie die 'korrekte' nie. (Vgl. Van den Bergh 1982:724 et seq.). Soms formuleer die

voorsittende beampte 'n beslissing op, wat volgens hom, die ware wetgewersbedoeling is. Sy beslissing sal dan die aanvaarde sosiale interpretasie daarstel en sal die betekenis wees wat in die toekoms nagevolg word (soos 'n Appèlhofbeslissing), daar die betekenis wat deur die sterkste leser van 'n teks geskep word, as die (standaard) sosiale betekenis aanvaar word.

Bronne waaraan die onderskeie lande ondermeer bedoeling/redes/doel/oogmerke geheg het, is: beide SA en die VSA betrek die drie se bedoeling met die betoging (dit kan gedeeltelik uit hulle uitlatings vasgestel word); beide die lande betrek die bedoeling 'agter' internasionaalregtelike sieninge oor asiel; beide lande betrek die bedoeling van Washington se wêreldbeleid oor asiel, maar SA betwyfel die eerlikheid van die bedoeling; beide lande betrek as teks die agterliggende bedoeling van SA se optrede; beide lande betrek die bedoeling 'agter' die woorde/optrede/gesindhede van anti-apartheidaktiviste en van die Kine-3 (die bedoeling is ondermeer om sanksies teen SA aan te stig); beide betrek die redes/bedoeling 'agter' die media se standpuntinname; SA betrek as teks die redes vir/bedoeling van die SA blanke bevolking se 'aanvaarding' van die regering se optrede, terwyl die VSA hierdie teks nie betrek nie.

ANDER LESERS

Die mag om sosiale betekenis te skep, lê daarin om die ondersteuning van ander lesers te werf. Hoe sterker die ander lesers, hoe groter is die kans dat die interpretasie die aanvaarde betekenis sal word. Betekenis word deur sosiale en politieke mag geskep. Betekenis lê dus nie in 'n teks verskuil nie (hetsy geskrewe of ongskrewe), maar word deur die lesers geskep. Die hoeveelheid lesers wat die mag het om

te kan oorreed, is onbeperk, byvoorbeeld politici, regters, koerante, spotprenttekenaars, TV persoonlikhede (byvoorbeeld Trudy Taljaard, hoe sy Morkels se twee-jaar-waarborg-winkel ondersteun) en selfs vermaaklikheidskunstenaars (dink maar aan Evita Bezuidenhout alias Pieter-Dirk Uys). Die oorredingsmag wat by ander lesers lê, speel dus 'n groot rol by die skep van sosiale betekenis. Ons regstelsel het as't ware 'n ingeboude voorskrif rakende die gewig wat aan ander lesers toegeken word, bv. 'n Provinsiale afdeling van die Hooggeregshof is aan 'n beslissing van die Appèlafdeling gebonde daar laasgenoemde die sterkste leser is. Dit is egter 'n algemene gebruik dat mense van ander lesers in 'n argument of vertelling gebruik maak. Indien mens na twee persone wat argumenteer luister, vind mens dat hulle aanhoudend na ander lesers verwys om só die ander persoon te oortuig. Die een wat die ondersteuning van die sterkste 'ander leser' kan inwin, 'wen' die argument. (Byvoorbeeld twee persone bespreek die handeling van skete. A sê: "My suster, wat 'n verpleegster is, sê mens moet Lennon se Duiwelsdrek of Groen-Amara vir maagpyn gebruik". B sê: "Miskien, maar my dokter het my teen sulke middels gewaarsku". A roep die ondersteuning van haar suster wat slegs 'n verpleegster is in, terwyl B 'n sterker leser bysleep, 'n geneesheer). 'n Verdere retoriese middel, wat baie naby aan bogaande is, is 'name-dropping'. Hierdeur probeer mens 'n spesifieke betekenis by die leser aktiveer of opbou. (Byvoorbeeld: "My vriend, dokter B sê..." Hierdeur probeer die spreker die indruk/persepsie/betekenis skep dat hy so wrintiewaar sosiaal met die ryk, hoëklas verkeer!)

Dit blyk dat die twee lande se betekeniskeppers inderdaad op ander lesers gesteun het, al is die ander lesers

soms versluierd of geïmpliseerd. Sekere ander lesers wat gebruik is, word nooit eens genoem nie, ondermeer regsgeleerdes, media-uitsprake, pro- en anti-regeringsaktiviste (SA en VSA). Die media en leiers in 'n land weet egter in breë wat gesê of gedoen moet word om 'n bepaalde betekenis te skep. Die betekenis van die sterkste leser van die teks word dan as die aanvaarde en sosiale betekenis aanvaar.

Omtrent die rol van die blanke bevolking in SA as 'ander leser' kan gespekeleer word. Het SA hierdie bevolkingsgroep op geïmpliseerde wyse bygetrek, of nie? Kon SA dié groep as ander leser gebruik in 'n ondersteuningsfunksie, of nie? Steun SA indirek op die redelik skeptiese siening wat die afgelope paar jaar onder blanke Suid-Afrikaneers omtrent die VSA vorm aangeneem het (vorm gegee is)? Aanvaar hierdie groep (dit is die blanke bevolking) SA se optrede positief stilswyend, of is hulle stilswyende bloot 'n défaitistiese nie-handeling — soos dié van 'n vuisvoos bokser wat verduis insien dat geen aksie van sy kant af in elk geval meer sal help nie? Mens kan nie met sekerheid bepaal of die stilswyende aan die kant van die blanke Suid-Afrikaanse bevolking 'n ondersteunende stilswyende of 'n verstom-verslae stilswyende is nie.

Ander lesers wat deur die twee lande gebruik is, is ondermeer: beide lande betrek die wêreldgemeenskap se siening oor immunititeit en asiel (dit is internasionaalregtelike aangeleenthede); die VSA betrek as teks die wêreldgemeenskap se siening oor apartheid, maar SA nie; die VSA betrek anti-apartheidaktiviste en faksies in SA se sienings en houdings, maar SA nie; die VSA betrek as teks die Amerikaanse Kongres se siening oor asiel, terwyl SA die geldigheid van hierdie teks betwyfel (SA betwyfel of die VSA in ooreenstemming met hul uitgestipte beleid

optree); beide lande betrek as teks die Amerikaanse Kongres se siening oor SA se binnelandse posisie (en Min. Pik Botha noem spesifiek dat die Kine 3 sanksies teen SA probeer aanwakker); beide lande betrek die vrylatingsverklaring wat deur die media vrygestel is.

Die VSA steun op 'n groot hoeveelheid sterk ander lesers, byvoorbeeld die wêreldgemeenskap met dié se siening oor die Suid-Afrikaanse politieke bestel, asook die Weense Konvensie oor Diplomatieke Betrekkinge (1961) en die Weense Konvensie oor Konsulêre Betrekkinge (1963) rakende die immunititeit van konsulêre en diplomatieke personeel en persele. Voorts word die wêreldgemeenskap se aanvaarde siening oor die internasionaalregtelike beginsels rakende asiel gebruik. Samehangend hiermee en spesifiek met die wêreldsiening oor apartheid, betrek die VSA ook anti-apartheidaktiviste en organisasies binne en buite SA as ander lesers se steun; die VSA laat hulle op die perseel toe en laat toe dat media-onderhoude met hulle gevoer word. Voorts skakel Washington as ander leser direk in met die verklaring wat binne 'n paar uur na die besetting van die perseel gemaak is. Die VSA-kongres se sanksievoornemens teen SA (dit is 'n teken/teks van afkeur jeens die SA beleid) volg spoedig. Die VSA se duidelike dreigement of waarskuwing aan SA dat sy perseel immunititeit geniet, dra groot gewig, veral daar die VSA op aanvaarde internasionaalregtelike beginsels steun.

SA betrek relatief min ander lesers. SA erken (stilswyend) die VSA se waarskuwing oor immunititeit van diplomatieke perseel en erken só dat hy die internasionale reëlens betreffende asiel erken en daarvolgens optree, maar betwyfel tog die korrektheid van die VSA se eis dat ook konsulêre perseel immunititeit geniet. Min. Pik Botha erken die VSA-kongres as 'n sterk opponerende leser;

hy verwys inderdaad na die sanksiebesluite van die VSA-kongres. Voorts betrek SA direk die media, as ander leser, deur dit skynbaar aan die media oor te laat om die vrylatingsbevel aan die Kine 3 oor te dra.

DIE ROL VAN DIE MEDIA: 'N KORT OORSIG

Uit die aard van die saak word hier nie die persepsie (sosiale betekenis) wat by swart inwoners van SA geskep is, bespreek nie, en oor welke land se lesing die sterkste tot dié groep deurgekom het nie. Mens kan slegs daarvoor spekulêr veral gesien in die lig van die mag van tekste wat die VSA gebruik om sy interpretasie te steun en ook die mag van die tekste wat sekere koerante (byvoorbeeld *The New Nation* en *City Press*) ter ondersteuning gebruik om 'n bepaalde politieke betekenis (persepsie) onder swart inwoners te skep. Daar word nie hier beoog om die rol wat koerante inneem om betekenis onder die Suid-Afrikaanse publiek te skep, te ontleed nie. Die koerante bied aan die publiek hulle eie interpretasies van die gebeure asmede interpretasies van die interpretasies van die twee regerings. Dit was juis deur die koerante en die regeringsbeheerde radio en televisie dat die publiek aanvanklik van die sitbetoging te hore gekom het.

Die rol van die media is deurslaggewend in die skep van betekenis onder die publiek. 'n Paar voorbeelde is voldoende. In Addendum I blyk dit duidelik dat elke koerant die oordedende mag van ander lesers en tekste gebruik om 'n spesifieke (politieke-sosiale) betekenis by sy lesers te skep. Wat plaasvind, is dat 'n koerant in die berig omtrent die sitbetoging, verwys na (volgens die beriggewer, ander tersaaklike) gebeure wat in werklikheid nie wesenlik deel van die sitbetoging se feitestel vorm nie. So verwys die *New Nation* na die

Sharpeville Ses, en gee breedvoerige biografiese inligting omtrent die Kine 3, en betrek die Appèlhof se beslissing omtrent die geldigheid van noodtoestandregulasies. *Die Volksblad* weer betrek die sage rondom die Suid-Afrikaanse spioen, Olivia Forsyth. *Die Star* is die enigste koerant wat die sitbetoging van die Wes-Duitse Groen Party betrek.

Met ander woorde deur verwysing (en omskrywing) van gebeure ekstern tot die Kine 3-gebeure, aktiveer 'n koerant onder sy lesers bepaalde (sosio-politieke) betekenis, gevoelens, en houdings.

Voorts gebruik elke koerant 'n spesifieke, betekenisconstituerende leksikon. So word gevind dat 'n Afrikaanse koerant na die Kine 3 as 'wegkruipers' verwys, terwyl 'n 'alternatiewe' koerant na dieselfde persone verwys as 'campagners (of long pedigree)'.

GEVOLGTREKKING

Die VSA maak van 'n groot hoeveelheid tekste, bronne van tekste en ander lesers gebruik ter ondersteuning van die interpretasie wat hy aan die Suid-Afrikaanse (en wêreldbevolking) deurgee.

SA het dit blykbaar nie nodig geag om nog verdere tekste, bronne en ander lesers vir ondersteuning in te roep nie, juis vanweë die feit dat SA binne 'n dag of wat bloot geen meer kennis van die primêre teks geneem het nie, d.w.s. dit geringskat het. Soos hierbo genoem, is die geringskatting en uiteindelijke ignorering van 'n teks een van die sterkste tipes lesings van 'n teks, al is dit dan ook die primêre teks. Myns insiens is dit juis hierdie optrede van SA (dit is die ignorering van die gebeure — hierdie ignorering is dan ook een van die tekste wat die Suid-Afrikaanse leser

gebruik om vir homself betekenis te probeer skep) wat uiteindelik tog as die sterkste lesing tot die blanke bevolking deurkom. Toe SA die primêre teks verontagsaam, was dit van diplomatieke kant gesien glo 'n fyn en vernuftige skuif. (Die Suid-Afrikaanse regering se optrede laat mens baie dink aan die kommentaar op 'n voorskrif uit die Bhagavad-Gita: die oplossing vir enige probleem is dat daar geen probleem is nie!) Maar, wat was die betekenis wat tot die blanke bevolking deurgekom het van hierdie skuif? Blykbaar het die blanke leser toe ook besluit: wel, die drama is verby en afgehandel; SA het weer eens die internasionale wêreld en veral (weer eens) die VSA doeltreffend gefnuik.

Die mag van ander lesers, ander mededingende tekste, ander bronne en ander waarde-lense beperk die betekenis wat 'n leser uiteindelik vir homself skep.

Daardie ondervinding wat 'betekenis' genoem word, is duidelik 'n hoogskom-

plekse en veelvlakkige gebeure. Om vas te stel hoe dit gevorm word, bly 'n baie komplekse probleem. Miskien sal die mens nooit werklik agter die kap van die byl kom nie.

Een vraag wat onbeantwoord bly, is: indien die Kine 3 uit aanhouding ontsnap het, hoekom is hulle dan nie volgens die Suid-Afrikaanse reg gearresteer en vervolg nie? In plaas daarvan word hulle onvoorwaardelik vrygelaat, vry van vervolging, skynbaar ook t.o.v. die ontsnapping. Dit blyk dat selfs die toepassing van normale regsbeginsels en -prosedures aan die politieke eis/druk/noodsaak dat 'n spesifieke polities-gelaaide probleem vinnig en doeltreffend opgelos moet word, ondergeskik is, maar dit skep ook betekenis. Politieke en sosiale mag skep inderdaad betekenis. Dalk het die sosiale betekenis wat SA deur sy interpretasie (en ignorerings) van die gebeure as sterkste leser geskep het, so sterk tot die blanke leser deurgekom dat hierdie vraag oor die ontsnapping bloot irrelevant is...

	BURGER*	OOSTERLIG*	VOLKSBLAD*	NATALL DAILY NEWS*	NATALL DAILY NEWS*	NATALL HERALD*	SUNDAY TIMES*	SUNDAY TRIBUNE*	PE EVENING POST*	EL DAILY DISPATCH*	NATALL WITNESS*	DF ADVERTISER*	BUSINESS DAY*	TRANSVALER*	CAPE TIMES*	STAR*	CITY PRESS*	WEEKLY MAIL*	CAPE ARGUS*	CITIZEN*	THE LEADER*	SUNDAY STAR*	
ANDER LESER/TEKS																							
SA soos Midde-Ooste						■																	
Klaas de Jonge	■	■	■	■	■	■	■							■	■	■	■			■			
Ses in Durban se sitbetoging	■	■	■		■	■	■							■	■	■	■					■	
Verleentheid vir VSA: verkiesing; VSA maatskappye	■	■	■	■	■	■	■	■	■	■	■	■	■		■								■
VSA x SA verhoudinge nadeelig beïnvloed	■	■	■		■		■		■		■					■							■
Verleentheid vir SA	■	■			■	■	■		■		■												■
Anti-apartheid groepe/magte					■			■											■				■
Verbintnisse: SA x VSA x VK					■																		■
Sharpville Ses					■																		
P.W. Botha se besoeke aan Mosambique				■	■			■															
Sen. Paul Simon se besoek aan SA				■	■			■															
Sitbetoging deur Wes-Duitse Groen party																■							
SA spioen Olivia Forsyth			■													■							
SAW/Namibië aangeleentheid		■																					
Angola aangeleentheid		■																					
Biografie van die 3 aangehoudenes					■			■															
Nasionale party x Konserwatiewe party					■					■	■	■				■	■		■	■	■		
Noodtoestand in SA					■	■				■	■					■	■		■	■	■		

	BURGER*	OOSTERLIG*	VOLKSBLAD*	NATALL DAILY NEWS*	NEW NATION*	NATALL MERCURY*	EP HERALD*	SUNDAY TIMES*	SUNDAY TRIBUNE*	PE EVENING POST*	EL DAILY DISPATCH*	NATALL WITNESS*	DF ADVERTISER*	BUSINESS DAY*	TRANSVALER*	CAPE TIMES*	STAR*	CITY PRESS*	WEEKLY MAIL*	CAPE ARGUS*	CITIZEN*	THE LEADER*	SUNDAY STAR*
Ander aangehoudenenes					■	■					■	■					■	■		■	■	■	
ANC					■	■					■	■					■	■		■	■	■	
NECC					■	■					■	■					■	■		■	■	■	
Annesty International				■									■										
WVO				■			■			■	■												
Appelhof se uitspraak oor noodtoestand					■																		
Natuurlike geregtigheid						■													■		■		
Menseregte						■													■		■		
Pous se besoek				■				■								■							

BRONNELYS

- BENSON, R W, (1987). The Semiotic Web of the Law. In KEVELSON, R (ed.), **Law and semiotics**, Vol. I New York: Plenum Press.
- BENSON, R W, (1988). The Semiotics of International Law: Interpretation of the ABM Treaty and of Nicaragua v. United States, Referaat by die Vierde Internasionale Colloquium oor Regssemiotiek (Penn State University, Pennsylvania) gelewer.
- ECO, U, (1979a). **A theory of semiotics**, Bloomington: Indiana University Press.
- ECO, U, (1979b). **The role of the reader**. Bloomington: Indiana University Press.
- GADAMER, H G, (1965). **Wahrheit und methode**, (Zweite Auflage), Tübingen: J C B Mohr (Paul Stebeck).
- HEIDEGGER, M, (1967). **Sein und zeit**. Oxford: Bazel Blackwell.
- RICOEUR, P, (1971). "What is a Text? Explanation and Interpretation", In RASMUSSEN, D M, **Mythic-symbolic language and philosophical anthropology: a constructive interpretation of the thought of Paul Ricoeur**, Den Haag: Martinus Nijhoff.
- RICOEUR, P, (1974). **The conflicts of interpretation: essays in hermeneutics** (trans. ed. D. Ihde), Evanston: Northwestern University press.
- RICOEUR, P, (1976). **Interpretation theory: discourse and the surplus of meaning**, Forth Worth, Texas: The Texas Christian University Press.
- RICOEUR, P, (1978). **The rule of metaphor: multi-disciplinary studies of the creation of meaning in language** (trans. R. Czerny), London: Routledge & Kegan Paul.
- VAN DEN BERGH, N J C, (1982). **Die betekenis van die strukturele hermeneutiek vir die uitleg van wette**. (Ongepubliseerde LLD-proefskrif, UOVS), Bloemfontein.
- VAN TONDER, S I E, (1981). Voorwoord, L C Steyn. **Die uitleg van wette** (5de uitg.), Johannesburg: Juta.